higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 4

(3011022)

15 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

310Q1B2215

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ‘n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1. Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Wie is die Minister van Finansies wat Tito Mboweni in 2021 opgevolg het?

A Enoch Godongwana
B Pravin Gordhan
C Trevor Manuel
D Nhlanhla Nene

1.1.2 Die huidige inflasiemikpunt in Suid-Afrika is …

A 6% – 12%
B 9% – 12%
C 3% – 6%
D 3% – 7%

1.1.3 'n Onelastiese vraagkromme …

A is vertikaal
B toon 'n opwaartse helling van links na regs
C is horisontaal
D toon 'n afwaartse helling van links na regs

1.1.4 Watter EEN van die volgende hulpbronne bevoordeel NIE die plaaslike gemeenskap nie?

A Informele sektor
B Ingevoerde goedere
C Verbeterde infrastruktuur
D Uitgevoerde goedere

1.1.5 … beteken as alle ander dinge dieselfde is.

A Geleentheidskoste
B Ceteris paribus
C Nut
D Ewewig

1.1.6 Die grootste bron van regeringsinkomste is …

A belasting op toegevoegde waarde
B korporatiewe belasting
C invoerbelasting
D inkomstebelasting

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Die … is daarvoor verantwoordelik om mense van openbare dienste te voorsien.

A nasionale regering
B provinsiale regering
C korporatiewe bestuur
D plaaslike regering

1.1.8 ‘n Verbruiker se koopkrag verhoog namate …

A inkomste styg
B uitgawes daal
C voorkeure/smake verbeter
D inkomste daal

1.1.9 Handelsbanke gebruik die … om krediet aan hul spesiale kliënte te verleen.

A repokoers
B uitleenkoers
C primakoers
D wisselkoers

1.1.10 Watter EEN van die volgende is NIE ‘n direkte belasting nie?

A Doeanereg
B Inkomstebelasting
C Persoonlike eiendomsbelasting
D Grondbelasting

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Direkte belasting word bereken op grond van die belastingbetaler se betaalvermoë.

1.2.2 Anti-dumpingbelasting is ‘n tipe indirekte belasting.

1.2.3 Die Merchant Bank is verantwoordelik vir die befondsing van sowel gevestigde en opkomende boere.

1.2.4 Wetgewing oor plaaslike ekonomiese ontwikkeling is nie belangrik nie, omdat die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur as riglyn vir plaaslike munisipaliteite dien.

1.2.5 Sonder effektiewe plaaslike ekonomiese ontwikkeling sal armoede ‘n probleem in Suid-Afrika bly.

1.2.6 Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) is verantwoordelik vir die formulering en implementering van monetêre beleid.

Kopiereg voorbehou

1.2.7 Die invoersektor moet vervoerrisikodekking hê om hulle te beskerm teen verliese wat tydens die vervoer van goedere gely kan word.

1.2.8 ‘n Invoerder verkies ‘n oop rekening bo ‘n kredietbrief.

1.2.9 Plaaslike owerhede val onder die Minister van Koöperatiewe Regering en Tradisionele Sake.

1.2.10 ‘n Uitvoerder moet op ‘n kredietbrief aandring wanneer hy of sy met nuwe of onbekende klante handel dryf.

(10 × 1) (10)
[20]

VRAAG 2

2.1 Kies 'n item/term/beskrywing uit KOLOM B om by 'n item/term/beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (2.1.1–2.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	meet sowel ekonomiese as maatskaplike aspekte van vooruitgang	A	koste-stoot-inflasie
2.1.2	transaksies wat die koop of verkoop van valuta behels	B	bedryfsuitgawes
2.1.3	'n proses waartydens 'n regeringsbate verkoop word of deur privaat individue oorgeneem word	C	begrotingsurplus
2.1.4	verskaf 'n onherroeplike betalingsonderneming aan 'n bevoordeelde teen voldoeningsdokumente soos vereis	D	globalisering
2.1.5	word bereken teen 'n voorgeskrewe persentasie van die waarde van die ingevoerde item/s	E	huishoudings
2.1.6	verkoop handelsware teen minder as die koste wat in die produksie en vervoer daarvan aangegaan is	F	privatisering
2.1.7	kom voor wanneer algehele pryse styg wees hoër lone en betaling van grondstowwe	G	nasionalisering
2.1.8	kom voor wanneer die regering 'n privaat bate oorneem of aankoop	H	menslike-ontwikkelingsindeks
2.1.9	mense wat saam leef en gesamentlike ekonomiese besluite neem	I	kredietbrief
2.1.10	sluit salarisse en lone van regeringswerknemers op provinsiale en nasionale vlak in	J	ad valorem-tarief
		K	storting
		L	buitelandse valuta

(10 × 1) (10)

2.2 Wat is die kringloopmodel? (2)

2.3 Wat is die DRIE lekkasies in die ekonomiese kringloop (3)

2.4 Identifiseer die elemente wat in die volgende vergelyking gebruik word:

Totale besteding = C + I + G + (X-Z) (5)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

Oorkoepelende verbruikersprysindeks (VPI vir ale stedelike gebiede)

Jaarlikse verbruikersprysinflasie was 3,2% in Maart 2021, 2,9% meer as in Februarie 2021. Die verbruikersprysindeks het in Maart 2021 met 0,7% maand op maand gestyg. Die vernaamste bydraende faktore tot die 3,2% jaarlikse inflasiekoers was voedsel en nie-alkoholiese drankies; behuising en nutsdienste; vervoer; en diverse goedere en dienste. Voedsel en nie-alkoholiese drankies het met 5,7% jaar op jaar gestyg, en 1,0 persentasiepunt tot die totale VPI- jaarlikse koers van 3,2% bygedra.

Behuising en nutsdienste het met 2,2% jaar op jaar gestyg, en 0,5 van ‘n persentasiepunt bygedra. Vervoer het met 3,8% jaar op jaar gestyg, en 0,5 van ‘n persentasiepunt bygedra. Diverse goedere en dienste het met 4,0% jaar op jaar gestyg, en 0,7 van ‘n persentasiepunt bygedra. Die jaarlikse inflasiekoerse vir goedere en dienste was onderskeidelik 3,9% en 2,6%. Provinsiale jaarlikse inflasiekoerse het gewissel van 3,1% in Gauteng en Mpumalanga tot 3,7% in Noordwes en Limpopo.

Let wel: Nie alle items in die VPI word elke maand gemonitor nie

[Source: *www.statssa.gov.za*]

3.1 Verduidelik in jou eie woorde die term *verbruikersprysindeks*. (2)

3.2 Identifiseer DRIE hoof- bydraende faktore tot die inflasiekoers. (3)

3.3 Watter uitwerking het ‘n hoër inflasiekoers op die Suid-Afrikaanse ekonomie? (4 × 2) (8)

3.4 Die hoofoorsake van inflasie is vraag-tref-inflasie, koste-stoot-inflasie, en ingeboude inflasie.

3.4.1 Noem SES oorsake van koste-stoot-inflasie. (6)

3.4.2 Onderskei tussen *vraag-trek-inflasie* en *koste-stoot-inflasie.* (2 × 2) (4)

3.5 Bespreek hoe ‘n styging in die prys van petrol die vraag na petrolaangedrewe motors sal beïnvloed, asook hoe hierdie prysstyging die produsente van hierdie motors beïnvloed. (12)

3.6 Noem VYF van Suid-Afrika se makro-ekonomiese doelwitte. (5)

[40]

VRAAG 4

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

FAKTORERING – ‘N WAARDEVOLLE HULPMIDDEL OM HANDEL TE BEVORDER

Alhoewel faktorering as ‘n handelsfinansieringshulpmidddel in groot dele van die wêreld aangewend word, word dit nie algemeen in Afrika gebruik nie. Maar die African Export-Import Bank (Afreximbank) het faktorering identifiseer as ‘n waardevolle hulpmiddel om handel te ondersteun, veral vir klein en middelslagondernemings.

Afreximbank speel steeds ‘n belangrike rol in die ondersteuning van ingrypingsmeganismes wat geleenthede vir KMO’s skep om ten volle uit faktorering voordeel te trek.

[Bron: *www.intracen.org/itc/news/latest-news*]

4.1 Wat is *faktorering*? (2)

4.2 Verduidelik watter VIER partye by uitvoerfaktorering betrokke is. (4 × 2) (8)

4.3 Noem SES dokumente wat ‘n uitvoerder by hul bank moet indien voordat die kredietbrief uitbetaal kan word. (6)

4.4 Watter voordele kan klein en medium ondernemings uit faktorering verkry? (3 × 2) (6)

4.5 Noem VIER maniere waarop ‘n faktoreringshuis sy sakerisiko’s kan verkoop. (4)

4.6 Onderskei tussen *ekonomiese ontwikkeling* en *ekonomiese groei*. (4)

4.7 Verduidelik watter take die Wet op Munisipale Strukture (No. 117 van 1998) die munisipale raad bemagtig om te doen. (5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 5

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

Durban – Daar is 'n sprankie hoop vir inwoners van die eThekwini Munisipaliteit nadat die munisipaliteit 'n vorderingsverslag vrygestel het oor onder andere openbare dienste en dienslewering, wat deur die swaar reën en oorstromings in die metro geraak is.

[Aangepas uit: *Daily news/news/KwaZulu-Natal,* 13 April 2022]

5.1 Noem VIER dienste wat die eThekwini Munisipaliteit gedurende 'n natuurramp aan mense moet voorsien. (4)

5.2 Waarom is dit belangrik dat die regering gedurende 'n natuurramp verantwoordelikheid vir openbare dienste aanvaar? (4)

5.3 Noem DRIE bronne van inkomste vir plaaslike regerings. (3)

5.4 Die hantering van natuurrampe vereis groot bedra geld.

Verduidelik kortliks VIER funksies van geld. (4 × 2) (8)

5.5 Verduidelik VYF sleutelkonsepte wat die kern van plaaslike ekonomiese ontwikkeling vorm. (5 × 2) (10)

5.6 Noem VIER geleenthede wat globalisering aan plaaslike ekonomiese ontwikkeling bied. (4)

5.7 Veronderstel die wisselkoers is R18.42 tot die pond (£). Met dit in gedagte, beantwoord die volgende vrae en toon al jou berekenings.

5.7.1 Bereken die nuwe wisselkoers indien die rand met 5% sou verstewig. (4)

5.7.2 Bereken die nuwe wisselkoers indien die rand met 0.50% sou depresieer. (3)

[40]

VRAAG 6

6.1 Verduidelik die volgende terme:

6.1.1 Absolute voordeel

6.1.2 Promesse

6.1.3 Mark

(3 × 2) (6)

6.2 Verduidelik kortliks hoe die kragte van vraag en aanbod die ewewig van die mark beïnvloed. (4 × 2) (8)

6.3 Onderskei tussen *buitelandse direkte investering* en *portefeulje-investering*. (4)

6.4 Gee VIER redes waarom Suid-Afrika invoerbeheermaatreëls sou instel. (4 × 2) (8)

6.5 Noem DRIE moontlike nadele wat die uitvoer van goedere na buitelandse markte vir plaaslike ondernemings kan inhou. (3 × 2) (6)

6.6 Wat is die wetlike en statutêre faktore wat 'n invoerder in ag moet neem om suksesvolle handel te verseker? (4 × 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou